# Kleinhandels- en Besigheidsbankdienste Privaatheidskennisgewing

## Onbeperk

**Hersien en opgedateer – April 2023**

1 **Inleiding**

1.1 Ons wil hê u moet verstaan hoe ons inligting oor u insamel, gebruik en deel.

1.2 Die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 ("**CPA**") en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 ("**POPIA**") reguleer die verwerking van u persoonlike inligting.

1.3 Hierdie Privaatheidskennisgewing geld vir kliënte van Absa Kleinhandels- en Besigheidsbankdienste. Absa se Privaatheidsverklaring kan op die Absa-webwerf gevind word.

1.4 Hierdie Privaatheidskennisgewing geld wanneer u vir 'n nuwe produk of diens by Absa Kleinhandels- en Besigheidsbankdienste aansoek doen en wanneer u ons webwerf, bankdienste-app of ander digitale diensplatforms gebruik.

1.5 Deur die produkte en dienste te gebruik of persoonlike inligting aan ons te verskaf, aanvaar u die bepalings wat in hierdie Privaatheidskennisgewing uiteengesit word.

2 **Wat is persoonlike inligting?**

2.1 Persoonlike inligting beteken inligting in verband met 'n identifiseerbare, lewende, natuurlike persoon en (waar van toepassing) 'n identifiseerbare, bestaande regspersoon, insluitend (maar nie beperk nie tot) die naam, ras, geslag, huwelikstaat, adres en enige identifiseerbare nommer van 'n persoon, simbool, e-posadres, fisiese adres, telefoonnommer, plekinligting, aanlynidentifiseerder, biometriese inligting, foto of beeld of ander betrokke toeskrywing aan die persoon.

3 **Wat is direkte bemarking?**

3.1 Direkte bemarking soos omskryf in die CPA en POPIA, beteken om 'n persoon, hetsy persoonlik of per pos of elektroniese kommunikasie, te nader, met die direkte of indirekte doel om:

- In die normale gang van sake enige goedere of dienste aan daardie persoon te bevorder of aanbied om dit te verskaf; of
- Die persoon te versoek om om enige rede 'n donasie van enige aard te maak.

4 **Hoe ons u persoonlike inligting gebruik**

4.1 Ons versamel, gebruik en stoor u persoonlike inligting sodat ons:

- U identiteit kan bevestig.
- U aansoek vir 'n produk of diens kan beoordeel.
- Ons produkte en dienste kan ontwerp, bestuur, prys en verskaf.
- Seker kan maak ons besigheid voldoen aan u behoeftes en doelgemaakte aanbiedings, ervaring en dienskommunikasie aan u kan verskaf om u te help om u finansies te bestuur.
- Risiko kan beperk en bedrog of ander verwante aktiwiteite kan identifiseer of ondersoek.
- U kan kontak wanneer ons u iets belangriks moet vertel.
- U teen enige lyste van politiek blootgestelde persone of sanksies kan keur.
- Ons diens aan u en u ervaring van ons kan verbeter.
- Ons besighede kan bestuur en potensiële tendense en markte kan identifiseer om te verseker dat ons produkte vir die toekoms geskik is.

Vir sekere doeleindes in verband met die diens wat u versoek het, het ons 'n wetlike en regulatoriese verpligting om u persoonlike inligting te verwerk. Dié doeleindes sluit in:

- Die voorkoming, bespeuring, ondersoek en vervolging van misdaad in enige jurisdiksie (insluitend, sonder beperking, geldwassery, terrorisme, bedrog en ander finansiële misdaad).
- Identiteitsverifikasie, regeringsanksieskeuring en omsigtigheidsondersoeke.
- Afdwinging van verpligtinge, insluitend, sonder beperking, die invordering van uitstaande bedrae van u en u verskaffing van sekuriteit vir die fasiliteite.
- Om aan plaaslike of vreemde reg, regulasies, voorskrifte, vonisse of hofbevele, regeringsankies of -embargo's, verslagdoeningsvereistes ingevolge finansiële transaksiewetgewing en eise van enige owerheid, reguleerder, tribunaal, wetstoepassingsagentskap of valutaliggaam te voldoen.

Ons kan u persoonlike inligting ook versamel en stoor om redes waar die reg ons toelaat of vereis om dit te doen.

4.2 Ons kan u persoonlike inligting verwerk om u persoonlike ervaring van ons digitale dienskanale te verbeter, om seker te maak u kan tersaaklike blaaie en aanbiedings maklik soek. U aanvaar dat die gebruik van dié kanale en dienste beteken dat u ons toestemming gee om u inligting te verwerk om u ervaring doel te maak, insluitend waar u kies om beelde op ons digitale kanale op te laai. Hierdie doelmaking kan die vertoon van belangrike inligting in verband met u persoonlike produkte of produkte of dienste wat ons dink waarin u kan belangstel, op dié digitale dienskanale insluit.

4.3 Ons kan u persoonlike inligting gebruik om u te vertel van produkte of dienste wat ons dink waarin u kan belangstel. Om dit te doen, kan ons u per SMS, e-pos, telefoon of pos kontak. As u nie direkte bemarkingskommunikasie van ons wil ontvang nie, kan u u voorkeure op ons webwerf of bankdienste-app of by 'n dienskonsultant in enige van ons takke teen geen koste vir u nie opdateer.

4.4 Ons sal by u kommunikasievoorkeure hou waar ons ook al kan, maar u aanvaar dat ons dalk vir u belangrike inligting moet stuur deur 'n kanaal wat nie u voorkeur is nie. Ons sal dit net doen in gevalle waar ons meen die inligting is vir u belangrik en tersaaklik.

5 **Behoud en skrap van persoonlike inligting**

5.1 Persoonlike inligting wat ons vir enige doel of doeleindes verwerk, sal nie langer gehou word as wat vir daardie doel of doeleindes nodig is nie.

5.2 Ons sal u persoonlike inligting behou vir solank as wat dit wetlik vereis word en wanneer ons nie meer wetlik verplig word of 'n wettige doel het om dit te behou nie, sal ons dit óf vernietig, desensitiseer óf anonimiseer.

5.3 Nieteenstaande die ander bepalings van hierdie afdeling (5), kan ons u persoonlike inligting behou waar sodanige behoud nodig is om aan 'n wetlike verpligting te voldoen waaraan ons onderhewig is of om u wesenlike belange of die wesenlike belange van 'n ander natuurlike persoon te beskerm.

5.4 Ons kan u persoonlike inligting wat ons vir die doeleindes wat in hierdie Privaatheidskennisgewing beskryf word, ingesamel het, ook deidentifiseer. Gevolglik sal hierdie Privaatheidskennisgewing en privaatheidswette oor die algemeen nie vir ons gebruik van gedeïdentifiseerde inligting geld nie. Ons sal hierdie gedeïdentifiseerde inligting egter steeds beskerm.

6 **Veiligheid van persoonlike inligting**

6.1 Die veiligheid van u persoonlike inligting is vir ons belangrik. Ons sal toepaslike tegniese en organisatoriese voorsorgmaatreëls tref om u persoonlike inligting te beveilig en om die verlies, misbruik, ongemagtigde toegang, openbaarmaking of verandering van u persoonlike inligting te voorkom.

6.2 Ons sal al u persoonlike inligting op veilige bedieners, persoonlike rekenaars en selfoontoestelle en in veilige handrekordhoudingstelsels stoor.

6.3 Ons gebruik verskeie fisiese, elektroniese en ander veiligheidsmaatreëls om die veiligheid, vertroulikheid en integriteit van die persoonlike inligting wat ons hou, te beskerm. Byvoorbeeld:

- Toegang tot ons inligtingstelsels word deur identiteits- en toegangsbestuurbeheermaatreëls beheer.
- Werknemers en ons gekontrakteerde diensverskaffers word deur interne inligtingveiligheidsbeleide gebind en word verplig om inligting veilig te hou.
- Alle werknemers word verplig om opleiding oor prvaatheid en inligtingveiligheid te deurloop.
- Ons monitor en hersien ons voldoening aan interne beleide en beste bedryfspraktyk gereeld.

6.4 U moet verseker dat u wagwoord nie ontvanklik is vir raaiery nie, hetsy deur 'n persoon of 'n rekenaarprogram. U is verantwoordelik om die wagwoord wat u gebruik om toegang tot ons webwerf te kry, vertroulik te hou. Ons sal u nie vir u wagwoord of PIN vra nie (buiten wanneer u op ons digitale kanale aanteken of 'n transaksie doen).

6.5 Ons sal u persoonlike inligting nie aan ander maatskappye of organisasies verkoop nie.

7 **Toegang tot u persoonlike inligting**

7.1 As 'n kliënt van die bank, kan u: a) ons vra om u 'n beskrywing te gee van u persoonlike inligting wat ons hou; en b) ons deur ons kliëntedienskanale vra om u persoonlike inligting reg te stel of op te dateer. Ons kan, indien die wet dit toelaat, 'n fooi hiervoor hef.

8 **Reg om hierdie Privaatheidskennisgewing te verander**

8.1 Ons kan hierdie Privaatheidskennisgewing verander of opdateer. Die jongste weergawe van hierdie kennisgewing sal op ons webwerf gepubliseer word waar u dit kan besigtig. Hersien dit asseblief gereeld om seker te maak u is gemaklik met die inhoud.

8.2 Die jongste weergawe sal alle vroeëre weergawes vervang, tensy dit spesifiek anders aangedui word.

9 **Klagtes of navrae**

9.1 As u enige vrae oor hierdie Prvaatheidskennisgewing of 'n klagte oor die hantering van u privaatheid het, gebruik gerus die kontakskakel op ons webwerf of kontak ons inligtingsbeampte by die besonderhede wat onder aangegee word.

9.2 Ons sal u versoeke vertroulik hanteer. Ons verteenwoordiger sal u binne 'n redelike tyd na u versoek of klagte ontvang is, kontak om u besorgdhede te bespreek en opsies oor 'n oplossing uiteen te sit. Ons poog om te verseker dat u navrae en klagtes tydig opgelos word.

9.3 Klagte-oplossingsuite:

Telefoon: 0800 41 41 41

Ure: Weeksdae, 08:00 to 16:30

E-posadres: actionline@absa.co.za

Webwerf: absa.co.za/send-us-your-feedback/